

**27 Augustus**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:9, 11**

**Wat is op aarde aan die gang?**

So baie dinge lyk vir ons so verkeerd en onregverdig. Soveel onverdiende lyding; verstommende katastrofes. Wat is op aarde aan die gang?

Paulus gee ons hier die antwoord. Hy is oorstelp. Waar kry hy woorde om die lof van God te besing? Sy eerste sin is 202 Griekse woorde lank! Hy wil, hy moet vertel: die geheimenisse van God se verlossingsplan is aan hom bekend gemaak. Alles in die hemel en op aarde is onder Christus se beheer. Met alles voer God van ewigheid sy vaste wil uit. Op sy tyd en wyse. Dis wat op aarde aan die gang is!

En ons het daar alles mee te doen. Al verstaan ons van die detail niks – ons, God se uitverkorenes, moet weet: so werk Hy die totale som van genade wat Christus vir ons verwerf het, vir ons uit. Vir elke dag. En vir eendag.

Ons word nie armer, gaan nie ten gronde deur die verskriklike dinge wat op aarde gebeur nie! God bestuur alles volgens sy plan. Tot sy verheerliking. En ons s'n! Want Hy het ons tot sy besondere eiendom verkies; danksy Christus, tot sy hoogs begenadigde erfgename.

God het besluit om die geheimenis van sy allesbeherende wil ook aan ons bekend te maak. Ons moet die wêreld nou anders sien. Self oorstelp wees deur die wete van God se wil. En dit aan ander getuig: Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus kom alle lof toe!

*Sing: Psalm 23 :1 en 2*

*Ds CJ Nagel (Messina)*